# REDAKSIONEEL

## Antropologiese dimensies van die geskiedenis: Lewensverhoudinge, mentaliteite en handelingsvorme

Hierdie drie hooftemas is behandel deur die 35ste historici-kongres van Wes-Duitsland wat vanjaar van 3 tot 7 Oktober in Wes-Berlyn byeengekom het. Daaraan neem die Duitse universitêre historici, dosente en geskiedenisonderwysers gesamentlik deel, wat in twee organisasies optree, nl die Vereniging vir Historici en die Vereniging vir Geskiedenisonderwysers. Die uitgangspunt is dat die akademiese geskiedkundiges kennis aan die geskiedenisonderwysers bekendstel en dat eersgenoemde oor metodes van onderrig en skoolbehoeftes ingelig moet word. Tussen beide verenigings bestaan daar 'n natuurlike, onlosmaaklike verband want navorsing en onderrig hoort bymekaar. Geen geskiedenisonderwyser kan doeltreffende onderrig gee as hy nie op hoogte bly met die vrystelling van nuwe kennis en strominge in die geskiedskrywing nie.

Die kongres het nuwe en onontgonne gebiede van die geskiedenis en nuwe vraag- en doelstellinge van die historiese arbeid behandel waarin sowel die Duitse wetenskap as die openbaarheid toenemend belangstel. Die nuwe vrae en antwoorde bring 'n mensliker geskiedenis as bloot net die mens-as-politieke-dier tevoorskyn: hulle is onder andere gerig op die mens se lyding en siekte, honger en gebrek, sy ete, drinke en sy slaap, sy alledaagse lewe en familie, volksvroomheid en volksfeeste, daaglikse arbeid, vryetydsbesteding, lewensgevoel, houdinge en emigrasie na vreemde lande. Met hierdie vrae word probeer om baie na aan die indiwiduele maar dikwels ook anonieme mens en sy onmiddellike, konkrete lewensfeer te kom. Om dié rede kan die vrae en antwoorde antropologies genoem word, 'n studierigting wat in die laat sewentigerjare reeds deur die historici van die Franse Annaleskool bewandel is.

Antropologies van aard is ook die vrae wat met betrekking tot etnologiese en volkskundige navorsing op sowel die simboliese dimensies van menslike denke en handeling as op die besonderheid en verandering van maatskaplike identiteit in die loop van die geskiedenis gerig is. Hierteenoor staan die oorspronklike antropologiese problematiek van die biologiese uitrusting van die mens en die deurlopende konstantes van sy wese vir die historikus eerder in die agtergrond. Tog word hy gedwing om onder die indruk van die voortdringing van die gedragswetenskappe en biologie ook hierteenoor standpunt in te neem.

Uit die kongrestemas lyk dit of 'n antropologiese belangstelling ook uitgedruk word in die nuwere, toenemende verlange van sommige historici na die aanskoulikheid van historiese daarstelling en van vertelling in die geskiedenis, wat sedert die Tweede Wêreldoorlog op die agtergrond geraak het. Dit kan bepaald groter betekenis verleen aan die dimensies van konkrete handeling, ervaring en hartstog — ook binne die gevestigde gebiede van die politieke, ekonomiese en sosiale geskiedenis. Die Duitse historiese kongres het aandag aan al hierdie probleme gegee en toe tot 'n kritiese evaluasie, standpuntinname en plekbepaling van hulle huidige navorsing oorgegaan. Die hoop is uitgespreek dat die konvensionele — en saaie — politieke geskiedenis waarmee skoliere en studente nog steeds opgesaal word, vanuit antropologiese vraagstellinge dalk nuut ontdek kan word.

Die referate wat aangebied word, toon weer eens die nuwe bane wat uit reaksie teen die oorheersing van die klassieke Duitse geskiedwetenskap (Ranke) deur die moderne historici gevolg is. Die wegbeweeg van politieke na sosiaal-antropologiese temas bring die navorser en student nader aan die mens en sy probleme wat die geskiedenis

nou vir die eerste keer van onder-af, maar ook van binne-uit laat benader en verstaan word. Nie meer die elitemens, die groot indiwidu geniet voorrang in historiese navorsing nie, maar die alledaagse deursneemens, die gewone kleinmensies met hulle node, behoeftes, gewoontes, houdings, opvattinge, denke en dies meer, en wel in groepverband. Voorheen is hulle nooit raakgesien of het geen waarde vir die geskiedenis gehad nie.

Die nuwe soort temas van die Duitse historiese kongres gee insig in probleme van integrasie, identiteit, minderheids- en meerderheidsvraagstukke, krisisse, armesorg, hongersnood, afwykende maatskaplike verskynsels, siekte en dood, godsdiensvernuwing en -herlewings, vrouegeskiedenis, arbeidsverhoudinge, vakbonde, veranderinge in lewenshouding en lewenswyse, kontinuïteit en verandering in die volkskultuur, die uitwerking van die verlengde duur van die mens se lewe op die samelewing, generasiewisseling, jeugprotes en -opstand, partisane- en volksoorlog, weerstand en vryheidsvegters, proto-industrialisering, die historiese landskap en streeksgeskiedenis. Probleemstellinge soos hierdie rig 'n uitdaging aan historiese navorsing in Suid-Afrika.

## Nuwe leergange vir skoolgeskiedenis, 1985—86

In teëstelling met die universiteite waarvan die outonome geskiedenisdepartemente elk na eie goeddunke van tyd tot tyd leergange vir geskiedenis opstel, verskaf die Gemeenskaplike Matrikulasieraad sowat elke tien jaar geskiedenisleergange vir Sts V—X wat deur die vier provinsies by plaaslike omstandighede en behoeftes aangepas, dit is "getransvaliseer", "gevrystatiseer" of "genataliseer" moet word, sódanig, egter, dat nog ten minste driekwart van die inhoud gemeenskaplik bly. Hierdie leergange is nie net vir wit skole bedoel nie, dit geld ook skole vir sowel swart as bruin Suid-Afrikaners wat, uitgesonderd die Swart Nasionale State, hulle binne die grense van die RSA bevind.

Dit val op, eerstens dat die "nuwe" leergange (wat in 1985 vir Sts V—VIII en vir Sts IX en X in 1986 in werking kom) in vergelyking by dié van 1972, nie veel nuuts bevat nie. Die hersiening het dus nie 'n vernuwing van inhoud vir die leerlinge gebring nie, meer bepaald 'n verkorting van die ou leergange deur 'n terugwaartse verskuiwing van leerstof van Matriek na standerds IX—V, wat spytig is gesien die inhoudelike vernuwings wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in Westerse skole in swang gekom het. Miskien moet die bestaande toestand uit ons kulturele en politieke isolasie verklaar word. Dit is om begryplike redes dat die politieke geskiedenis vandag nie meer in die Weste sentraal staan nie, maar kulturele en sosiaal-ekonomiese geskiedenis, wat in 'n tydperk van industrialisasie en verstedeliking voorrang aan samelewingsgeskiedenis verleen. Hiervan sien ons weinig in die "nuwe" leergange, m a w hulle is nie gemoderniseer nie, het tradisioneel gebly met geykte temas as kern. Dit geld 'n oorbelading vir die 19de eeu, o a die ou-ou stryd tussen Boer en Brit ásof dié nog die samelewing oorheers en die ou tipe wit opposisie en die imperiale faktor wat lankal uit ons midde verdwyn het nog altyd bestaan. Dit beteken wesenlik dat die tradisionele geskiedbeeld wat die gevolg van 19de eeuse omstandighede was, feitlik onveranderd in die gemoderniseerde wêreld van die laat 20ste eeu gehandhaaf bly, terwyl die grond waaruit dit voortgekom het, met verloop van tyd sodanig verskuif het dat dit tans konvensioneel of verouderd lyk. Deskundige hulp kon hier van groot nut gewees het.

Tweedens val dit op dat die "nuwe" leergange vir geskiedenis 'n blanke uitgangspunt en vooroordeel het, opgestel deur blankes vir 'n "blanke" staat, en in die eerste plek dus vir blanke skole bedoel. In die lig van die feit dat die GMR-leergange vir sowel wit as bruin maar ook swart skole binne die RSA opgestel word, vra 'n mens hoeveel bruin en swart deskundiges advies by die leergangsamestelling verleen het.

Bruin en swart skole moet dus inval by wat arbitrêr vir hulle voorgeskryf word, ásof hulle nie deel aan die "blanke" staat het nie. Geen wonder nie dat daar reeds vroeër besware was teen die "wit" leergange en "wit" skoolgeskiedenisboeke wat Suid-Afrika se verlede uit bloot 'n wit standpunt benader. Terme soos "die ontwikkeling van buiteparlementêre optrede" in die Matriekleerplan (1.5 en 2.5), bied weinig vir die bevrediging van byvoorbeeld bruin en swart behoeftes.

Wanneer hierdie twee punte — gebrek aan werklike vernuwing en die negering van bruin en swart behoeftes — in oënskou geneem word, kan die vraag gestel word of die "nuwe" leergange nie reeds verouderd, dus "unzeitgemäss" is nie nog voordat hulle in werking gekom het. Dit is nie moeilik om te voorspel dat die "nuwe" leergange in hul bestaande vorm nie lank gehandhaaf sal kan bly nie. Die 80 jaar 20ste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis kom nie voldoende tot sy reg nie, terwyl die veranderinge in die wêreld ná 1945 nie duidelik gestalte in die "nuwe" leergange gevind het nie. Suid-Afrikaners het behoefte aan 'n nuwe geskiedbeeld wat hulle plek binne en buite Suid-Afrika duideliker sal uitbring met die bedoeling om leerlinge te help om hulle beter in die nuwe wêreld en in die nuwe Suid-Afrika te kan oriënteer.

Die Redaksie nooi lesers uit — veral geskiedenisonderwysers en -dosente van alle bevolkingsgroepe — om hulle oor die "nuwe" leergange vir geskiedenis in *Historia* uit te spreek. Ons het behoefte aan wetenskaplike en opvoedkundige ontledings. Tot dusver is leergange veels te passief deur diégene ontvang wat dit in die praktyk moet bring. Trouens, daar bestaan geen vereniging van geskiedenisonderwysers nie en ook nie 'n bypassende mondstuk vir geskiedenisonderrig nie. Dit opsigself is 'n verontrustende verskynsel.

Dit moet onthou word dat die "Geskiedenis van Suid-Afrika" nie tot een groep alleen behoort nie, maar aan alle groepe wat die land bewoon. Geen groep het 'n monopolie daarop nie. Wat nodig is, is dat in die lig van die modernisering van die land, historiese imperialisme prysgegee moet word, en dat 'n ewewigtige beeld van die landsverlede waaraan alle inwoners deelname gehad het, gevorm en aangebied moet word.

## 'n Woord van verwelkoming aan die Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis

In Januarie 1984 het bogenoemde tydskrif die eerste keer verskyn. Dit word uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis wat in September 1982 in Pretoria gestig is. Die blad, waarvan die tweede nommer pas verskyn het, dien as skakel tussen, maar ook as mondstuk vir die beoefenaars van die kultuurgeskiedenis wat 'n moeilik definieerbare takdissipline van die historiese wetenskap bly. Die verskyning van 'n nuwe tydskrif is bepaald 'n verryking van ons kultuurbeoefening. Bekende akademici soos o a proff P G Nel, P W Grobbelaar en P H Kapp en drr Celestine Pretorius en O J O Ferreira het hulle in die eerste twee nommers oor die vak kultuurgeskiedenis en aspekte van sy inhoud uitgelaat, wat ons bewus maak van die kultuurhistoriese problematiek. Die tydskrif bied geleentheid vir kultuurhistoriese bydraes oor 'n wye spektrum in albei landstale. Die hoofbestuur van die Historiese Genootskap en die redaksie van HISTORIA verwelkom 'n sustertydskrif op historiese terrein en spreek die hoop uit dat daar goeie samewerking gaan wees: geskiedenis is immers kultuurgeskiedenis en kultuurgeskiedenis is geskiedenis.

## 1984 — 'n Herdenkingsjaar: die Konvensie van Londen en die Duitse anneksasie van Suidwes-Afrika

*Die Konvensie van Londen, 27 Februarie 1884*

Die Konvensie van Pretoria, 3 Augustus 1881, het die Britse anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek op 12 April 1877 beëindig. In 'n selfbevrydingsoorlog het die Transvaalse Boere hulle van Desember 1880 tot Maart 1881 vry geveg. Die Zandrivierse Konvensie wat die onafhanklikheid van die Boere oorkant die Vaalrivier gewaarborg het, is nie weer herstel nie. Die Pretoriase Konvensie het die onafhanklikheid van die "Transvaalstaat" tot 'n "soesereine" omskep, wat selfbestuur onder toesig van Brittanje, en allerlei beperkende voorwaardes gewaarborg het. Dié voorwaardes het in die praktyk onuitvoerbaar geblyk te wees, waarop president Kruger, N J Smit en S H du Toit in 1883 as 'n "Derde Deputasie" na Londen vertrek het. Die bedoeling was om die soesereiniteit afgeskaf en die Zandrivierse Konvensie herstel te kry, wat volkome onafhanklikheid in sowel binne- as buitelandse opsig sou moes waarborg. Daartoe was lord Derby nie bereid nie.

Die ou benaming "Zuid-afrikaansche Republiek" is wel herstel en sekere praktiese veranderinge in die Pretoriase Konvensie aangebring. Die Republiek kon buitelandse politiek voer, maar volgens artikel 4 van die Londense Konvensie is sekere beperkinge daarop geplaas. Die Republiek kon, met uitsondering van die Oranje-Vrystaat, geen verdrae sluit of verbintenisse met enige staat of nasie, nóg met enige inboorlingstam ten ooste of weste van hom aangaan nie, sonder goedkeuring van Brittanje, wat wou toesien dat sulke verdrae nie teenstrydig is met Britse belange nie. Hierdie beperking het ná die ontdekking van goud en die toestroming van veral Britse onderdane na die Z A Republiek, omstrede geword. Hoewel Kruger gereken het die Londense Konvensie het soewereine onafhanklikheid verleen, het Milner en Chamberlain dit steeds as "soesereine" onafhanklikheid vertolk en die reg geëis om toesig oor sy buitelandse betrekkinge te hou. Die Z A Republiek was in 1884 dus nie 'n volkome soewerein-onafhanklike staat soos vóór 1877 nie. Sou die Britse amptenare in 1884 reeds kennis gedra het van die Rand se gouderts, sou die Londense Konvensie waarskynlik nie tot stand gekom het nie. Die Statebondskonferensie van 1926 het groter onafhanklikheid aan die Unie van Suid-Afrika verleen as wat die Konvensie van Londen in 1884 aan die Z A Republiek toegeken het.

*Die Duitse anneksasie van Suidwes-Afrika, 12 Augustus 1884*

Deur slap optrede van Brittanje het die aandrang van die Kaapkolonie om die Transgariep onder die Britse vlag te bring, misluk en het die Duitse kanselier, Otto von Bismarck, die Duitse vlag op 12 Augustus 1884 te Sandwich-hawe laat hys, wat van Suidwes-Afrika 'n Duitse protektoraat gemaak het. Reeds op 12 Augustus 1884 is Walvisbaai en 450 vk myl omringende gebied tot Britse gebied verklaar, en het dit 'n enklawe in Duitse gebied geword, die lotgevalle waarvan nie hier herhaal hoef te word nie. Genoeg om te meld dat die Britse anneksasie van Betsjoeanaland in 1885 'n regstreekse uitvloeisel was van die Duitse protektoraat as buurman van die Kaapkolonie én van die Z A Republiek: die imperiale regering wou verhinder dat "Duitswes" en die Z A Republiek mekaar die hand reik. Brits-Betsjoeanaland moes as 'n wig tussen die twee lande dien maar ook as 'n kanaal waardeur, vanuit die Kaapkolonie, noordwaarts in Afrika voortgedring kon word. Die Unie het Duits-S W A gedurende die eerste Wêreldoorlog verower, hom voorlopig militêr bestuur en in 1920 'n C-mandaat

oor hom verwerf, wat sedert 1946 deur die Verenigde Nasies betwis is, en wat die R S A in 1967 in 'n grensoorlog gedompel het, toe SWAPO, bestaande meerendeel uit Ovambomense, tot 'n Russies-gesteunde bosoorlog oorgegaan het. Tans word gepoog om die vrede te herstel en 'n demokraties-verkose regering vir 'n onafhanklike "Namibië" daargestel te kry. S W A het in die ideologiese en koue oorlog tussen Ooste en Weste, Rusland en Amerika, verstrengel geraak en die R S A daardeur in sowel die Afrika- as wêreldpolitiek betrek.

F A VAN JAARSVELD
*Hoofredakteur*